By die kaggelvuur van die Heilige Gees

Sjoe, maar dit is koud! So hoor ons baie mense kla.

En in die koue winteraande en -nagte, verlang ons na warmte – warmte in die huis, warmte in die hart. Sommige skep warmte met 'n oop kaggelvuur, ander met antrasietstowe of elektriese verwarmers. Ander weer hou die koue buite met isolasiemateriaal op die plafon. Kom jy nader na die groot stede, lê daar vroegaand al 'n rookwolk oor die stad – mense wat vuur maak, mense wat beskerming soek teen die koue van die nag.
Koudkry is swaarkry. Koue is ontbering.
Koue het ooreenkoms met die dood. Die dood is so koud!

Selfs persone wat in die lang winternagte diens moet verrig, kry ons simpatie en probeer dan maar met die warmjas die koue buite hou.

Ja, buite is dit koud en binne is dit warm.

Die Here skep deur sy Heilige Gees ook verwarming. Hy steek ook kaggelvure aan in die mens se lewe. Is dit dan koud? Ja, die sonde het die mens buite die warmte van God se genade gestel en hoe koud is dit nie daar nie?

Die geestelike dood is doodskoud.

Ons dink gewoonlik aan die verderf as 'n plek van hitte, juis omdat die toorn van God daar rus. Maar eintlik is dit ook 'n plek van onuithoudbare koue. Die koue van buite te wees. U merk daarvan iets in die walglike gespot van die goddelose by die aankoms van Nebukadnesar in die doderyk (Jesaja 14). Of by hulle wat voor die toe deur buite die bruilofsmaal staan (Matteus 25).

Waar vind ons die kaggelvuur dan?

Geen mens sal in die koue nag tog buite wil staan of wil sit of wil slaap as hy dit enigsins kan verhelp nie.

En tog – dit is juis wat elke mens in sy sonde-onnoselheid doen! Hy vlug weg van die kaggelvure van God se Gees af. Hy soek vir homself ander warmmaakplekke, die plaasvervangers met plesier, sedeloosheid, losbandigheid of warm dobbelhuise. Dawid het dit by Batseba gesoek, Petrus in die agterplaas van Kajafas se paleis in die geselskap van hulle wat Christus verwerp het, Judas by sy omkoopgeld en Demas by die wêreld.

En ons?
Maar hoe verskriklik dom tog?

God berei sy kaggelvure oral waar Hy sy Woord laat deurdring. Want waar sy Woord is, daar werk sy Gees. Met die uitstorting van die Heilige Gees het vuurtonge op elkeen gaan sit (Handelinge 2).

Elke Sondag vind die eredienste plaas – dit is die Heilige Gees se kaggelvure in die koue wêreld.

Daar steek Hy die vuur aan in die harte van sondaars; daar blaas Hy die vlamme van oorgawe hoër in almal wat aan Hom behoort.

Miskien het jy gedink om maar die tweede diens te verruil vir jou sitkamer met die koerant of die televisieprogram. Is dit dan nie koud daar nie? Kan jy ooit die kaggelvuur van die Heilige Gees verruil vir iets anders, soveel kouer?

Hoe kan jy dan verwag om warmte te geniet en uit te deel aan ander?

Jou etenstafel met huisgodsdiens of jou binnekamer met jou Bybel – dit is God se kaggelvure. Hoe knus en warm is dit nie daar nie? Miskien het jy al gedink om jou eie godsdiensoefening en die van jou huis te verruil vir die sitplek by die televisie of vir die werk wat so verskriklik dringend is. Maar gaan jy dan nie koudkry nie? Of het jy ongevoelig geword vir die koue?

Waar was jy toe God sy vuur aangesteek het om jou koue te verdryf?
Sondagaand by die tafel waar die Bybel nie gelees word nie?

En dan kla jy en ek oor die koue liefdelose wêreld? Maar is dit nie ons wat dit so koud maak nie? Eers as jy en ek self warm gemaak is met die vuur van die Heilige Gees, kan ons aan ander mense warmte en liefde gee.

Ons – die kaggelvure

Maar dan word ons eers self die Gees se kaggelvure. Of wil ons miskien die Gees se vuur in ons lewe blus?

Daar word vandag baie besin oor vernuwing van die erediens, oor groter betrokkenheid van lidmate by die erediens, oor gemeentebou. Dit is alles pragtig en mooi.
Maar programme van vernuwing kan niks meer warmte bring as die vuur nie reeds in jou lewe brand nie.

Kom skuif nader aan die kaggelvuur! Nog nader met die Woord van God en die gebed as die kanaal waardeur God sy Heilige Gees en sy genade oorvloediger in ons lewe laat werk. Elke kaggelvuur – ons kan daarsonder nie in die lewe bly nie.

Sjoe! Die wêreld is koud vandag. In dubbele sin. Die ryp op die gras, maar ook die doodslewe wat nog in ons oorgebly het. Dan nog die koue, die yskoue van ongeloof en liefdeloosheid in die samelewing.

Maar jy en ek is dan die kaggelvure van die Heilige Gees in ons werkplek, in die skool, in die komitee of raad waarop ons dien, in ons huise.

B Duvenhage

© 2014
www.christelikebiblioteek.co.za